**Preek:** Ons bring God-geure en -kleure na die wêreld.
**Skrifgedeelte**: Matteus 5:13–16

"Let me tell you why you are here. You're here to be salt-seasoning that brings out the God-flavors of this earth. If you lose your saltiness, how will people taste godliness? You've lost your usefulness and will end up in the garbage.
"Here's another way to put it: You're here to be light, bringing out the God-colors in the world. God is not a secret to be kept. We're going public with this, as public as a city on a hill.
If I make you light-bearers, you don't think I'm going to hide you under a bucket, do you? I'm putting you on a light stand.
Now that I've put you there on a hilltop, on a light stand - shine! Keep open house; be generous with your lives. By opening up to others, you'll prompt people to open up with God, this generous Father in heaven. (Uit Eugene Peterson se Message vertaling)

In die Skrifgedeelte bevestig Jesus ons as sy volgelinge se identiteit. Hy sê nie vir ons: "Julle moet probeer om sout te wees" of "Julle behoort lig te word" nie. Hy sê eenvoudig: "Julle is sout vir die aarde en lig vir die wêreld."

**1. Ons is sout vir die aarde.**
In Jesus se tyd was sout kosbaar. Dit is gebruik om handel mee te dryf. Dit is ook waarskynlik waar ons spreekwoord: "Jy moet jou sout werd wees" vandaan kom.
Ons is kosbaar vir die Here. Hy ken ons op die naam en Hy kies om altyd by ons te wees.

Om sy doel te dien offer sout ditself op. Ons sing nie lofsange vir sout nie, maar wel vir die aangename smaak van bv. braaivleis wat lekker gesout is. Soos sout, gaan dit nooit vir ons oor onsself nie.

Sout het verskeie gebruike wat op elke kind van die Here van toepassing is.

1. Sout gee smaak
Die wêreld is dikwels vol moedeloosheid, hopeloosheid en selfsug. 'n Christen bring iets anders. Ons bring, soos Christus, hoop waar wanhoop is, liefde waar haat is, vergifnis waar bitterheid heers en vrede waar verdeeldheid is. Dit is die vrug wat die Heilige Gees in ons werk.
Wanneer mense met ons in aanraking kom ervaar hulle, deur ons, iets van aangename geur van Jesus Christus.

2. Sout bewaar
In Jesus se tyd was daar geen vries- of yskaste nie. Sout het vleis en vis teen bederf beskerm.

Net so gebruik God sy kinders om geestelike en morele verval in die wêreld te voorkom. Ons beskerm die wêreld teen die bederf van sonde wanneer ons bv. eerlik is, liefde uitleef en die reg van alle mense bevorder.

3. Sout genees.
Sout maak wonde gesond. Mense het emosionele, materieële, geestelike en/of fisieke wonde om maar ‘n paar te noem. Die Here gebruik ons om ander se wonde te help genees en dit gesond te maak.

4. Sout maak dors
Ons leef so dat mense vra: "Wat maak dat jy so anders as wêreld leef?"; "Waar kry jy jou vrede?" of "Waarom kan jy onvoorwaardelik vergewe?"

Dan wys ons nie na onsself nie, maar na Christus wat ons van sonde verlos en dit vir ons moontlik maak om so te leef.

Jesus waarsku dat sout sy smaak kan verloor en nutteloos word. Dit gebeur wanneer ons nie aan ons roeping getrou bly nie en wêreldgelykvormig in plaas van Jesus-gelykvormig leef. Dan verloor ons as kerk ons geur en is ons niks meer werd as om weggegooi en vertrap te word nie.
God roep ons om anders te wees en Hy maak deur sy Woord en die Heilige Gees ons anders as die wêreld.
Ons as sy kinders is goeie, suiwer sout wat gehoorsaam aan sy groot gebod God en alle mense liefhet en sy groot opdrag om dissipels te maak, uitleef.

**2. Ons is lig vir die wêreld.**
Ons het nie ons eie lig nie. Ons moet in geloof toelaat dat die Here sy lig in ons aansteek.

Ons leef in ‘n donker wêreld vol ellende en oorloë, verhoudings wat verbrokkel en mense wat smag na vrede. Die Here se lig, deur ons, verdryf hierdie duisternis.

Stad op 'n berg kan nie weggesteek word nie. Dit word van kilometers ver gesien. Ons as gemeente is soos ‘n stad met baie liggies. Ons is geroep om elkeen afsonderlik, maar ook gesamentlik, lig vir die wêreld te wees.

Niemand steek 'n lamp aan om dit toe te maak nie. Dit is dom. Die doel van ‘n lamp is om lig te gee.
Ons steek ons lig weg wanneer ons stilbly wanneerons behoort te praat, saam met en soos wêreld praat, skinder, vuil taal gebruik en grappe en leuens vertel. Ons steek ook ons lig weg wanneer ons nie vir verlorenes in donker vertel van ons lig nie en nie hulle wat duisternis van die een of ander aard beleef, met lig seën nie.

Ons moet ook sy lig laat skyn deur die goeie werke wat ons doen. En die doel van ons goed doen is nie dat ons bewonder word nie, maar dat mense ons Vader in die hemel verheerlik."

Ware Christelike diens vestig nooit aandag op my nie, dit wys altyd na die Here. Wanneer mense my en jou vriendelikheid sien; ons eerlikheid; ons liefde; ons geduld; ons opoffering en diensbaarheid moet dit hul daartoe bring om ons Vader te verheerlik.

**Afsluiting**

Ek en jy, as kinders van die Here, is sout en lig. Daarom stap ons opgewonde en vol afwagting hier uit. Mense gaan hierdie week iets van Christus proe deur ons lewens.
Mense gaan hierdie week iets van Christus uit ons sien skyn en dit gaan daartoe lei dat meer mense Hom verheerlik.
Amen.